# Resensies


- À Kempis, Thomas. 2004. **Die navolging van Christus.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*F.W. de Wet*) .......... 361
- Selderhuis, J.H., *ed*. 2004. **Calvinus praeceptor ecclesiae. Papers of the International Congress on Calvin Research.** Princeton, August 20-24, 2002. Genève: Librairie Droz.
  (*L.F. Schulze*) .......... 364
- Grobler, J.E.H. 2004. ***The War Reporter*: The Anglo-Boer War through the eyes of the burghers.** Johannesburg/Cape Town: Jonathan Ball.
  (*O.J.O. Ferreira*) .......... 367
- Boer, J.H. 2004. **Muslims: Why the violence?** Belleville, Ontario: Essence Publishing.
  (*Christa Raubenbach*) .......... 369
- Schoeman, Karel. 2004. **’n Duitser aan die Kaap, 1724-1765. Die lewe en loopbaan van Hendrik Schoeman.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*L.A. Changuion*) .......... 370
- Good, G. 2004. **Realising democracy and legitimacy in Southern Africa.** Pretoria: Africa Institute of South Africa.
  (*Nico Vorster*) .......... 373
- Adar, K. & Nkosi, N. 2004. **The state of readiness of African parliaments on the eve of the Pan-African parliament.** Pretoria: Africa Institute of South Africa.
  (*J.F. Kirsten*) .......... 375

## Resensies

# Praktiese geloofsoefeninge vir 'n lewe van toewyding aan God

**À Kempis, Thomas.** 2004. **Die navolging van Christus.** Wellington: Lux Verbi.BM. 352 p. Prys: R199,95. ISBN: 07963 0212 X.

**Resensent:** *F.W. de Wet*
(Gereformeerde Kerk Vryheid)

*Die navolging van Christus* (*De Imitatione Christi*) deur Thomas à Kempis is, behalwe vir die Bybel, een van die mees gelese en geliefde geskrifte in die geskiedenis van Christelike lektuur. Dit bestaan uit 'n samestelling van vier boeke (Eerste boek: Goeie raad vir die geestelike lewe; Tweede boek: Rigtingwysers vir die innerlike lewe; Derde boek: Vertroosting in die hart; Vierde boek: Aansporing om die Nagmaal toegewyd te vier). Die vier boeke het in 1441 vir die eerste keer in samevattende vorm verskyn. By wyse van kort gedagte-eenhede word aan "gewone" gelowiges raad gegee oor en praktiese geloofsoefeninge gegee vir 'n lewe van toewyding aan God. Lesers word deur ritmiese taal wat met hooggestemde toegewydheid resoneer en deur die intensiteit van 'n intieme gesprek tussen Christus en die gelowige (Boeke 3, 4) verklank word, opgewek tot aktiwiteite waarin onder andere:

- die dwaasheid en leegheid van die wêreld verwerp word, vrede en geesdrif vir groei nagejaag moet word, 'n liefde vir afsondering en stilte gekweek moet word (Boek 1);
- die gees voorberei word om God in die innerlike lewe te beleef en Jesus bo alles lief te hê en die koninklike weg van die kruis geloop word (Boek 2);

- geestelike vrede gevind word deur jou in God se hand oor te gee (Boek 3);
- die lewe sorgvuldig voorberei word vir deelname aan die Sakrament van die Nagmaal en ’n vurige verlange ontbrand om Christus te ontvang (Boek 4).

Lux Verbi.BM se 2004-verwerking in Afrikaans onder redakteurskap van Claude Vosloo met medewerking van Piet Venter en Willem Nicol (die vorige Afrikaanse verwerking van Geyser dateer reeds uit 1952) lei die hedendaagse leser op ’n baie keurige en oorbruggende wyse in die laat-Middeleeuse gedagtewêreld van Thomas à Kempis (1380- 1471) in. By wyse van ’n sorgvuldige inleiding word die leser bekend gestel aan Thomas, die denkklimaat waarin hy geleef het en word kortliks aandag gegee aan die vraagstuk rondom die outeurskap van *Die navolging van Christus*. Daar word aangetoon hoe *Die navolging van Christus* ontstaan het in die kring van die *Broeders des Gemeenen Levens* en deurgloei is met die kenmerkende mistiek van Geert Groote se *Devotio Moderna* (Nuwe Toewyding): As mistikus streef Thomas na innerlike eenwording met God. Deur nederige toewyding word rusversteurende faktore oorwin en word God in die stilte van kontemplasie gevind. In kontemplasie verdwyn rede en die bagasie wat daarmee saamgaan op die agtergrond. Dinge wat vir slim en geleerde mense verberg is, word aan eenvoudiges bekend gemaak. Bo woorde en gedagtes word in God rus gevind. In die 2004-verwerkers se inleiding word die leser ook begelei om ’n waardering te kweek vir die opregte erns, kinderlike eenvoud en ywerige toewyding aan God wat uit hierdie “goue boekie” straal. Lesers word daarop gewys hoe hierdie teks besondere aanklank vind in ’n samelewing waarin ’n leë gejaag na uiterlike dinge, onderwerping aan die tirannie van prestasie en kompetisie die geestelike lewe kan verarm en die siel van vrede kan beroof.

In ’n slothoofstuk verantwoord die 2004-verwerkers hulle op ’n deurleefde manier ten opsigte van die indruk wat die besig wees met die teks op hulle gemaak het. Verantwoording word ook gedoen van die manier waarop met aanhalings uit die Skrif omgegaan is in die verwerking, hoe gepoog is om die ritmiese rympatroon van die oorspronklike teks in Afrikaans te verwerk. Die oorspronklike teks se rympatroon volg naamlik ’n patroon wat die teks op grond van die eenvoud en pakkende ritme vir die “gewone” gelowige toeganklik maak. Sekere kontroversiële sake wat nie vir die breër boodskap van belang is nie, is ook in die Afrikaanse verwerking weggelaat. Die

manier waarop laat-Middeleeuse leerstellige kwessies uit die verwerking weggelaat of versag word (Thomas kom in die oorspronklike teks byvoorbeeld nie los van die leer oor die verdienstelikheid van goeie werke, transsubstansiasie (IV/2), die vagevuur (IV/9) en die verering van heiliges (I/13; II/9) nie, is verantwoordbaar, aangesien verwysings hierna glad nie op die voorgrond van die denkontwikkeling staan nie en nie so gewigtig is dat dit die leser van die teks hoef te vervreem nie.

Die 2004-verwerking word in ’n besondere bladuitleg ingeklee wat hulde bring aan ’n tyd toe die geskrewe woord as baie kosbaar geag is en die teks derhalwe met sierlike kunstigheid uitgelê is. Die uitgewers slaag daarin om met die eerste oopmaak van die boek by die leser die indruk te skep dat hy/sy ’n kosbare skat in die hande het.

Die 2004-verwerking van *Die navolging van Christus* kan vir die hedendaagse Afrikaanse leser ’n besondere vertrekpunt bied vir besinning oor wat nodig is vir nuwe ywer en diepgang in die verhouding met God en die vrede wat daaruit voortvloei. Die inrigting van die eie geestelike lewe kan egter nie klakkeloos op die patroon van Thomas geskoei word nie. Die toevlug tot God – wat so sterk deur Thomas beklemtoon word – kan ontaard in ontvlugting uit die wêreld uit. Die inwaarts gerigte (“boekie-in-die-hoekie”-) manier waarop nederigheid, lydsaamheid, onderdanigheid, bestryding van die kwaad ingerig word, kan daartoe aanleiding gee dat die gees geslote raak vir die interaktiewe element in menseverhoudinge en die roeping tot daadwerklike optrede in die samelewing. Al kan die mens wat ernstig van voorneme is om God met ywer te dien en sy vrede na te jaag grootliks en met vrug aansluiting vind by Thomas, bly Thomas se denke pre-Reformatories: dit is nog nie heeltemal vry van die rigiditeit wat onderliggend is in die konsep van medewerkende genade nie. Navolging (imitasie) van Christus kom nog nie op die kruin van die geloofshoogtepunt waarin die regverdiging en heiliging van die lewe bevrydend in Christus en in sy krag alleen gevind word nie.

# Oor die bydrae van Calvyn en die Reformasie

**Selderhuis, H.J., *ed*.** 2004. **Calvinus praeceptor ecclesiae. Papers of the International Congress on Calvin Research.** Princeton, August 20-24, 2002. Genève: Librairie Droz. 354 p. ISBN: 2-600-00851-9. (Travaux d'Humanisme et Renaissance, no. 388.)

**Resensent:** *L.F. Schulze*
(Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Die drukwerk van die voordragte op die vierjaarlikse internasionale kongresse vir Calvynnavorsing het vanaf goeie sagtebande na imponerende hardebanduitgawes gegroei. Hierdie jongste bundel is 'n praguitgawe en opgedra aan Wilhelm Neuser – sedert die sewentigerjare die dryfkrag agter die internasionale navorsing oor Calvyn en die Reformasie. Die uitgawe is moontlik gemaak deur finansiële steun van die Johannes a Lasco-Biblioteek in Emden.

Inhoudelik staan die bundel nie terug vir die vorige bundels nie, maar toon dieselfde hoë navorsingstandaard. 'n Hele aantal outeurs is ook betrokke by die heruitgawe van Calvyn se werke wat tans onderneem word.

Aangesien dit nie moontlik is om binne bestek van hierdie resensie elke artikel te bespreek nie, volg slegs 'n oorsig van die inhoud, wat op Selderhuis se voorwoord (p.7-8) volg, met slegs enkele stukkies kommentaar.

- *Elsie McKee*: "Calvin and his Colleagues as Pastors: Some New Insights into the Collegial Ministry of Word and Sacraments" (p. 9-42). Hoogs lesenswaardig vir enige belangstellende – 'n artikel op voetsoolvlak oor "kerkbou": predikante wissel volgens rooster in die drie kerke van Genève, sodat lidmate nie één pastor aanhang nie. Diens in die koninkryk is spanwerk en bedienaars moet soos 'n span osse wat ingejuk is, saamtrek! 'n Ongewone kykie op Calvyn in die daaglikse lewe.
- *Jeffrey R. Watt*: "Childhood and Youth in the Geneva Consistory Minutes" (p. 43-64). Ouers wat in die kerk die doopnaam opgee (maar dis die naam van 'n Roomse heilige wat die Geneefse predikante op 'n "swartlys" geplaas het); die predikant wat

gevolglik aan die kind 'n ander naam gee, en die oupa wat daarop uit die kerkbanke amok maak! Of: Die ouderling saam met 'n konstabel van die Raad (Genève was destyds 'n republiek) wat teen twaalfuur Sondae Genève se strate patrolleer om die seuns na die katkisasieklas aan te keer. Weereens 'n kykie op die gewone lewe – hoe daar gewerskaf is om 'n oningeligte (Rooms-opgevoede) bevolking van onkunde en bygeloof te verlos en weer gestalte aan die kerk te gee. (Die artikel put uit die moeisame werk om die notules van die "kerkraad" (*Consistoire*) van Genève tydens Calvyn se tyd (1541-1564) te ontsyfer en te publiseer, waarvan band 3 (1547-1548) pas verskyn het.)

- *Christoph Strohm*: "Methodology in Discussion of 'Calvin and Calvinism'" (p. 65-105) – wanneer word begrippe (*method – methodology; methodical – methodological*) weer onderskei?; Origens goeie argumente, maar myns insiens tog onoortuigend dat die 17de-eeuse rasionalisme (in navolging van Aristoteles) 'n normale ontwikkeling van die Reformasie was. Luther braak tog gal teen die "heiden, Aristoteles".

- *Max Engammare*: "D'une forme l'autre: Commentaires et sermons de Calvin sur la Genèse" (p. 107-137). (Van een vorm (na) die ander: Kommentare en preke van Calvyn oor Genesis) – prima!
- *Cornelis Augustijn/Christoph Burger/Frans P. van Stam*: "Calvin in the Light of the Early Letters" (p. 139-157) – interessante nuwe perspektiewe op die jong Calvyn, die humanis en op die leierskap van Farel.
- *Christian Lin*k: "Die Finalität des Menschen. Zur Perspektive der Anthropologie Calvins" (p. 159-178). (Die doelmatigheid/doelgerigtheid (?) van die mens. Perspektiewe op Calvyn se antropologie). Link reken met allerlei "Platoniese invloede" op Calvyn af.
- *Robert M. Kingdon*: "Calvin's last years" (p. 179-187) – 'n ware kenner aan die woord!
- *Victor E. d'Assonville jr.*: "Dogma und Doctrina bei Calvin in einer begrifflichen Wechselwirkung: Ein Seminarbericht" (p. 189-208) – goeie analise van *dogma* en *leer*.
- *Wim Janse*: "Calvin, a Lasco und Beza: Eine gemeinsame Abendmahlserklärung (Mai 1556)? Bericht eines Forschungsseminars mit offenem Ausgang" (p. 209-231).

- *A.N.S. Lane*: “Calvin and Article 5 of the Regensburg Colloquy” (p. 233-263), met volle teks (vertaal en bespreek) van hierdie merkwaardige Rooms-Protestantse toenadering.
- *Jae Sung Kim*: “Prayer in Calvin’s Soteriology” (p. 265-274) – soms moeilik leesbaar.
- *Barbara Pitkin*: “Redefining repentance: Calvin and Melanchthon” (p. 275-285) – die seminaarkonklusies sluit met vrae wat weë vir verdere navorsing aandui.
- *Wilhelmus H. Th. Moehn*: “Abraham – ‘père de l’église de Dieu’. A Comparison of Calvin’s Commentary and Sermons on Acts 7:1-6” (p. 287-301). Protestante in Frankryk moet trek uit hul land soos Abraham “vader van die kerk van God”; wat van dié in Genève – wat is Calvyn se toepassing nou? Baie goed uitgewerk.
- *Christian Grosse*: “En esprit et en vérité? La part du rituel dans la culture religieuse réformée (Genève, XVIe siècle)” – p. 303-321. (“In gees en in waarheid”? Die aandeel van ritueel in die gereformeerde godsdienstige vormgewing (Genève, 16de eeu).
- *Mihály Márkus*: “Calvin und Polen. Gedankenfragmente in Verbindung mit einer Empfehlung” (p. 323-330).
- *E.A. de Boer*: “Calvin and Colleagues. Propositions and Disputations in the Context of the Congrégations in Geneva” (p. 331-342) met ’n lys van deelnemende predikante (p. 241-342).
- *Irena Backus*: “Calvin’s knowledge of Greek language and philosophy” (p. 343-350).
- *Randall C. Zachman*: “Crying to God on the Brink of Despair. The assurance of faith revisited” (p. 351-358) – in sy eie konteks ook téén Strohm se tese.

Die werk sluit met ’n handige indeks van persoons- en plekname (p. 359-364).

Daar is enkele tik/setfoute: p. 235, r. 2 én r. 3; p. 272 r. 10; p. 283, laaste reël op bladsy (noot 32).

Die werk word hartlik aanbeveel vir teoloë, predikante, historici en alle belangstellende lesers wat meer van Calvyn en die Reformasie wil weet.

# Geskiedskrywing as "koerantberigte" oor die ervarings van individue

**Grobler, J.E.H.** 2004. ***The War Reporter*: The Anglo-Boer War through the eyes of the burghers.** Johannesburg/Cape Town: Jonathan Ball. 157 p. Prys: R249,95. ISBN: 1 86842 186 4.

**Resensent:** *O.J.O. Ferreira*
(Emeritusprofessor: Dept. Historiese & Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria)

Tydens die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) van 1999 tot 2002 – en selfs daarna – het talle nuwe boeke en herdrukke van ou treffers oor dié oorlog verskyn. Pas van die pers, is J.E.H. Grobler se *The War Reporter*; 'n boek wat van ander Boereoorlogpublikasies verskil in dié opsig dat dit nie ortodokse geskiedskrywing bevat nie, maar dat die inligting aangaande die verloop van die oorlog in die vorm van 'n denkbeeldige pro-Boer-weekblad aangebied word.

*The War Reporter* is 'n vertaalde en bygewerkte weergawe van *Oorlog-Beeld*, 'n reeks van 66 bylae wat oorspronklik tydens die herdenking van die Anglo-Boereoorlog in die dagblad *Beeld* verskyn het. Die publikasie herinner sterk aan dr. Anna J. Böeseken se *Die Nuusbode* (Kaapstad: Nasou Beperk, 1966), waarin die geskiedenis van Suid-Afrika van 1649 tot 1952 deur "berigte" in "jaarlikse uitgawes" (elke jaar op 6 April) van *Die Nuusbode* teen die agtergrond van wêreldgebeure vertel word.

Fransjohan Pretorius, dié kenner van die Anglo-Boereoorlog, se voortreflike voorwoord en Grobler se bondige, maar insiggewende inleiding berei die voornemende leser voor op wat volg. Grobler, 'n senior lektor in die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria en outeur van vier boeke en 'n twintigtal wetenskaplike tydskrifartikels, se belangstellingsvelde in die geskiedenis is wyduiteenlopend en strek van militêre en politieke geskiedenis (met die klem op vryheidsbewegings) tot kultuurgeskiedenis (met vryetydsbesteding en monumente as fokuspunte). Dit is dus nie vreemd dat hy 'n veelkantige projek soos *The War Reporter* aangepak en suksesvol deurgevoer het nie.

Die trefkrag van die boek lê daarin dat dit nie net op gevegte en skermutselinge tussen die Boere en die Engelse konsentreer nie,

maar dat veral op die ervarings van individue in hierdie tydvak gefokus word – die burgers op kommando, die ballinge oor die see, die vroue en kinders in die konsentrasiekampe en sommige van die leidende figure tydens die oorlog. Deur die "berigte" oor hierdie individue en die gebeure waarby hulle betrokke was, neem die leser kennis van die swaarkry en smarte van die oorlog, maar deel hy ook in hulle daaglikse doen en late en die klein vreugdes en verveling wat somtyds daarmee gepaard gegaan het.

Grobler slaag uitstekend daarin om die tydgees vas te vang deur veral gepubliseerde bronnepublikasies as bronne te gebruik en sy historiese verbeelding in te span sonder om die feite geweld aan te doen. Juis vanweë die aard van die tydgenootlike bronne wat hy geraadpleeg het, maan die outeur die leser in sy inleiding dat *The War Reporter* geensins op objektiwiteit aanspraak maak nie omdat hy sy "verslaggewers" se verslae gebruik soos hulle dit "geskryf" het. Die "berigte" kom juis daarom eg oor en verplaas die leser terug na 'n tragiese, maar terselfdertyd roemryke episode in die geskiedenis van die Boere in Suid-Afrika.

Hierdie publikasie behoort die belangstellende én die vakman te boei. Omdat Grobler oor 'n onderhoudende skryfstyl beskik, behoort hierdie boek onder die "gewone" lesers net so gewild te wees as wat Rayne Kruger se *Goodbye Dolly Gray* (Londen: Cassell, 1959) destyds was. Hoewel historici, ten spyte van die Grobler se strewe na feitelike juistheid, waarskynlik huiwerig sal wees om na *The War Reporter* as bron te verwys omdat hulle nie presies weet waar die feite ophou en die outeur se historiese verbeelding in werking getree het nie, sal hulle grootliks daarby baat deur die boek te lees om die Oorlog te "beleef" en die tydgees te "ervaar".

Die uitgewer en die tipograaf verdien lof vir die voortreflike wyse waarop hierdie publikasie uitgegee is. Die formaat, die tekstuur en kleur van die papier waarop die drukwerk gedoen is ("koerantagtig"-geel, maar van goeie gehalte) en die stylvolle uitleg van elke bladsy getuig van 'n sterk ontwikkelde historiese sin. Die keurig geselekteerde en goed afgedrukte foto's en die volbladkaart van Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog is natuurlik onontbeerlik in 'n publikasie soos hierdie. 'n Deeglik saamgestelde bronnelys en onontbeerlike plek- en persoonsregisters rond hierdie keurige publikasie en waardige huldeblyk aan 'n stoere voorgeslag gepas af. *The War Reporter* verdien 'n plek ('n lêplek vanweë sy 40 x 29 cm-grootte en sagteband) in die huisbiblioteek van elkeen wat enigsins in die Anglo-Boereoorlog belangstel.

# Luister aandagtig – ook na Moslem-standpunte!

**Boer, J.H.** 2004. **Muslims: Why the violence?** Belleville, Ontario: Essence Publishing. 193 p. Prys: $19,95. ISBN: 1-55306-719-3. (Studies in Christian-Muslim Relations. V. 2.)

**Resensent:** *Christa Rautenbach*
Regsfakulteit, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie publikasie is die tweede monografie in ŉ reeks van drie met die titel "Studies in Christian-Muslim Relations". Die eerste monografie is ŉ feitelike vertelling van die godsdienstige bloedbad wat die afgelope jare in Nigerië afspeel: *Nigeria's Decades of Blood*. Bogenoemde monografie bevat standpunte van bekende en minder bekende Moslems oor die toestande in Nigerië. Die laaste monografie gaan standpunte van Christene oor dieselfde toestande bevat. Die outeur beveel aan dat die monografieë in volgorde gelees behoort te word, aangesien die huidige sowel as die derde monografie ŉ voorkennis van die eerste monografie veronderstel. Ten spyte van die outeur se voorbehoud, was die inhoud van die huidige monografie heeltemal verstaanbaar en verteerbaar sonder die eerste monografie as agtergrond.

Die publikasie bestaan uit vier hoofstukke en ŉ lys van aanhangsels. Die eerste hoofstuk bevat ŉ historiese agtergrond en gee ŉ oorsig oor die invloed van kolonialisme op die grondslae van Islam. In Hoofstuk 2 beskryf die outeur die "gevoel" van Moslems teenoor die Nigeriese nasie en kultuur en in Hoofstuk 3 word ŉ opsomming van die verskeie standpunte (godsdienstig, akademies, joernalistiek en polities) oor die onluste in Nigerië uiteengesit. Alhoewel die tema van Hoofstuk 3 voortgesit word in Hoofstuk 4, konsentreer Hoofstuk 4 hoofsaaklik op standpunte van invloedryke persone en organisasies, byvoorbeeld die Jama'atul Nasril-Islam-organisasie, Moslem-studenteorganisasie en twee hoofleiers van die Islamitiese beweging. Ten slotte bevat die publikasie ŉ aantal aanhangsels wat bestaan uit ŉ lys dokumente en publikasies ter aanvulling van die verskillende standpunte van Moslems in Nigerië.

Reeds uit die inleiding blyk dit dat die outeur ŉ simpatieke houding teenoor die standpunte van Moslems (ten opsigte van toestande in Nigerië) inneem. Hierdie houding verduidelik hy aan die hand van ŉ

Kuyperiaanse perspektief – ’n holistiese weergawe van die Christendom wat meer raakpunte met Islam as enige ander Christelike perspektief toon. Gevolglik is dit vir die outeur makliker om simpatiek teenoor die (soms ekstreme) opinies van die Moslems in Nigerië te staan. Hy beklemtoon egter dat hy nie kan wegkom van die feit dat hy in die eerste plek ’n Christen is nie en dat dié feit soms onvermydelik in die teks te bespeur sal wees.

Alhoewel die outeur nie altyd streng akademiese konvensies volg nie, is die inhoud van die monografie op ’n verantwoordelike en geloofwaardige wyse weergegee. Voetnote kom wel voor, maar word spaarsamig aangewend. Op sy eie bied die publikasie interessante leesstof en in die geheel behoort die volledige stel monografieë uiteindelik ’n waardevolle bydrae op navorsingsgebied te lewer.

Hierdie boek bied ’n waardevolle bydrae om die op die oog af onverklaarbare, soms ekstreme, handelinge van Moslem-individue en -gemeenskappe aan Christene te verduidelik. Die boodskap van die outeur is duidelik: “But I demand from Christians: Listen – listen carefully”. Dieselfde eise stel hy ook aan die Moslemleser in die derde monografie wat nog gepubliseer moet word.

# Die vestiging van die Schoemans aan die Kaap

**Schoeman, Karel.** 2004. **’n Duitser aan die Kaap, 1724-1765. Die lewe en loopbaan van Hendrik Schoeman.**
Pretoria: Protea Boekhuis. 515 p. Prys: R149,95. ISBN: 1-86919-048-3.

**Resensent:** *L.A. Changuion*
(Dept. Historiese & Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria)

Uit die pen van die bekende Karel Schoeman het nog ’n pragboek verskyn. Met die eerste oogopslag gee die titel ’n mens die indruk dat die boek moontlik ’n suiwer biografiese studie kan wees. Hoewel deels só, gaan die boek verder en word ’n geheelindruk van die

lewe aan die Kaap in die laat-sewentiende, agtiende en vroeg-negentiende eeu gegee.

Schoeman gebruik sy Suid-Afrikaanse stamvader, Hendrik Schoeman, as voorbeeld van ’n tipiese stamvader uit die tydperk toe die Kaap onder bewind van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) gestaan het. Aan die hand van argivale, primêre en sekondêre gepubliseerde bronne is die lewe van Hendrik Schoeman en ook dié van mense wat op die een of ander manier met hom in verband gestaan het, geherkonstrueer.

In die eerste van veertien hoofstukke word die oorsprong van die Duitse familienaam, Schoeman, en van die genoemde stamvader nagespeur. Die waarde van die boek vir die kultuurhistorikus en historikus begin reeds hier. Op ’n treffende wyse word die lewe in die Noord-Duitse state en Nederland as agtergrond herskep. Daarna volg ’n oorsig oor die lot van die duisende mans, waaronder Schoeman, wat na Nederland gestroom het om as matrose in diens van die VOC te tree – ’n besluit wat menige matroos later op see sou berou.

Met sy aankoms aan die Kaap is Schoeman deur die Kaapse owerhede uit skeepsdiens oorgeplaas om sy dienste plaaslik aan te wend. Sy lewe, eers as leenkneg, en later as vryburger word bevestig met gegewens uit enkele amptelike rekords van die tyd. Sy huwelike, sy vestiging in die Land van Waveren en later in die Kogmanskloof word ook aan die hand van die beskikbare bronne nagespeur. Aangesien Hendrik Schoeman slegs sporadies in amptelike en ander bronne vermeld word, is kleur en substansie aan sy verhaal gegee deur die ineenvleg van algemene feite oor die tydperk uit ’n verskeidenheid ander bronne.

Van besondere belang is die beskrywing van die vroeë blanke nedersetting aan die Kaap. Aanvanklik was daar min of geen segregasie tussen die onderskeie bevolkingsgroepe nie en het gemengde huwelike gereeld voorgekom. Met die toename van die blanke bevolking en hulle gevolglike verspreiding dieper die binneland in, het segregasie, eers op grond van ekonomiese stand, en later op grond van ras wel sy kop uitgesteek.

Geweld deur blankes en geweld teen blankes was onlosmaaklik deel van die vestigingsproses aan die Kaap. Na die Khoi-stamme se

stelselmatige ekonomiese en militêre onderwerping deur die VOC, is hulle grotendeels uit die Kaapse Skiereiland verdryf. Vanweë ’n behoefte aan meer weivelde en landbougrond het die blanke koloniste die binneland onstuitbaar ingedring en toenemend met sterker Khoisanstamme aldaar in botsing gekom. Die voortdurende druk weens blanke uitbreiding het uiteindelik daartoe gelei dat die bittereinder-Khoisan-stamme voor die aankomende golf na die droë binneland die wyk moes neem. Talle van die Khoisan wat in die gebied agtergebly het, het plaasarbeiders geword en geleidelik ontstam en verwesters. Hoe die eens trotse en selfstandige Khoisan onderwerp is en tot ’n dikwels vernederende bestaan gedwing is, word hier baie kortliks saamgevat. In sy boek gee Karel Schoeman egter ’n treffende uiteensetting van die hele proses. Nie net die lot van die Khoisan nie, maar ook dié van die Kaapse slawe word in die boek benadruk. Alhoewel die slawe in 1934 reeds vrygestel is, sou die erfenis van slawerny tot diep in die twintigste eeu in Suid-Afrika voortleef.

In die laaste hoofstukke van die boek word Hendrik Schoeman se lewe in die Kogmanskloof en dié van sy nasate in Kannaland uiteengesit. Enkele jare nadat beslag gelê is op sy besittings om sy skuldeisers te betaal, is Schoeman in 1756 oorlede. Sy direkte nasate het hulle, as deel van die ooswaartse migrasie van blankes, in die huidige Kango-omgewing gevestig – waarvan die pleknaam Schoemanshoek vandag getuig.

Soos in sommige van sy ander boeke, bied *’n Duitser aan die Kaap* ’n baie goeie geheelindruk van die lewe aan die Kaap. Vir die amateur- en professionele kultuurhistorikus en vir enigeen wat in die geskiedenis belangstel, is die lees van die boek ’n moet. Dit gee nie net ’n goeie beeld van die vroeë Kaapse/Afrikaanse kultuur nie, maar bring ook begrip vir die verloop en die gevolge van die kontakproses tussen die blanke koloniste en die inheemse bevolkingsgroepe in die gebied.

# Is ware verteenwoordigende demokrasie al bereik?

**Good, G.** 2004. **Realising democracy and legitimacy in Southern Africa.** Pretoria: Africa Institute of South Africa. 184 p.
ISBN: 0 7983 0171 6.

**Resensent:** *Nico Vorster*
(Gereformeerde Kerk Bultfontein)

Hierdie boek is in 1997 vir die eerste keer uitgee. Die nuwe uitgawe is 'n tweede opgedateerde uitgawe. Die skrywer fokus in sy boek op die drie liberale demokrasieë van Botswana, Namibië en Suid-Afrika. Hy is veral geïnteresseerd in die veranderende sosiale strukture en kragte in hierdie lande, soos nuwe werkersklasse, burgerlike gemeenskappe en die invloed van kompeterende elitistiese groepe op die onderskeie politieke bestelle. Hy konsentreer veral op daardie instellings wat verantwoordbare, deursigtige en etiese regering bevorder of verhinder. Die boek probeer om die belangrike verskille tussen Botswana en sy bure uit te lig.

In die eerste hoofstuk fokus die skrywer op die politieke bestel in Botswana. Hy wys op die omvattende grondwetlike magte wat die president besit, asook die wyse waarop een party daarin geslaag het om onder skynbare demokratiese omstandighede vir dekades die politieke toneel te oorheers deur die mobilisering van sosiale kragte. Die skrywer wys op verskeie wette waardeur vryheid van spraak onderdruk is, asook op die feit dat die president se magte nie behoorlik ingeperk word deur 'n effektiewe sisteem wat individuele regte beskerm nie. Die regte van homoseksueles, vroue, arbeiders en die San geniet veral nie genoegsame beskerming nie. Die gevolg is dat hierdie groepe dit moeilik vind om deel te word van die demokratiese prosesse.

In die tweede hoofstuk fokus die skrywer op die 1994-verkiesings in Botswana. Die agteruitgang van die regerende party se invloed en die opkoms van opposisiegroepe wat minderheidsgroepe se belange probeer beskerm, word op 'n pakkende wyse beskryf. In die derde hoofstuk word die studente-opstand in Gabarone en die kinderopstand by Mochudi in 1995 beskryf. Volgens die skrywer het die regering van Botswana hierdie opstande op 'n outoritêre wyse

onderdruk sonder om genoegsame aandag aan die grondoorsake vir die opstande te skenk.

In die vierde hoofstuk kom die liberale demokratiese bestel in Namibië aan die orde. Die skrywer wys daarop dat Namibië ’n direk verkose uitvoerende gesag besit wat tot verantwoording geroep kan word. Meganismes wat verantwoordelike etiese regering beskerm en die uitvoerende gesag inperk, bestaan, en ’n onafhanklike ombudsman werk met die parlement saam. ’n Gesonde burgerlike gemeenskap wat die regerende elite tot verantwoording roep, is besig om te ontstaan. Tog bly presidensialisme ’n fundamentele probleem.

In hoofstukke 5 en 6 behandel die skrywer die Suid-Afrikaanse demokrasie. In hoofstuk 5 noem hy verskeie gevalle waar die aanspreeklikheid van die uitvoerende gesag en die deursigtigheid van regering in Suid-Afrika sedert 1994 ondermyn is. Die skrywer wys daarop dat die vlakke van politieke verdraagsaamheid in Suid-Afika oor die algemeen laag is. In hoofstuk 6 kritiseer die skrywer die vordering wat met oop en etiese verantwoordbare regering in Suid-Afrika gemaak word. Die verkiesings in 1994 is byvoorbeeld deur toesmeerdery gekenmerk en kan nie as volkome vry en regverdig beskou word nie. Die vakbonde het noue bande met die regering wat tot staatshegemonie lei. Die gevolg is dat die burgerlike gemeenskap in Suid-Afrika se effektiwiteit afgeneem en dat dit oor die algemeen nie so ’n sterk teenvoeter vir magsmisbruik is soos in die apartheidsjare nie.

In die sewende hoofstuk beskryf die skrywer die agteruitgang van deursigtige regering in Botswana gedurende die negentigerjare. Volgens hom het presidente Seretse Khama en Masire ’n liberale kapitalistiese demokrasie geskep wat deur grootskaalse ongelykhede gekenmerk is. Die najaag van konflikterende belange deur die politieke elite was aan die orde van die dag. Die negentigerjare is ook gekenmerk deur die opkoms van militarisme wat weerspieël is in oordrewe uitgawes aan verdediging.

In die laaste hoofstuk kom die outeur tot die slotsom dat die liberale demokrasieë in Botswana, Namibië en Suid-Afrika ernstige tekortkominge bevat wat breër definisies van demokrasie noodsaaklik maak. Groeiende ekonomieë is nie op sigself ’n voldoende basis vir demokrasie nie. Moontlikhede vir ware demokrasie word in Suider-Afrika in die wiele gery deur outokratiese en korrupte tendense wat voortvloei uit oorgeërfde instellings en elitistiese belange. Individuele leierskonflikte, passiewe stempatrone, presidensialisme en een-

partydominansie is kenmerkend van liberale demokrasieë in Suider-Afrika en verhinder ware verteenwoordigende demokrasie. Om ware verteenwoordigende demokrasie te bereik is desentralisasie van mag en burgerlike deelname aan politieke prosesse belangrik.

*Realising democracy and legitimacy in Southern Africa* is oor die algemeen goed nagevors, goed geskryf en bied insiggewende perspektiewe. Die boek vertoon egter twee leemtes. In die eerste plek is die boek effens gedateerd. Die periode van die negentiger-jare word omvattend gehanteer, maar ontwikkelings sedertdien word baie oorsigtelik en oppervlakkig behandel. Tweedens is die boek op plekke ongebalanseerd en oorkrities. Dit lyk asof die skrywer feite soms op ’n selektiewe wyse gebruik om sy sentrale argument te versterk. Positiewe ontwikkelings in Afrika soos die ontstaan van die Afrika-unie en die NEPAD-inisiatief word nie behandel nie. Veral die hoofstuk oor Suid-Afrika is oorkrities. Die burgerlike gemeenskap in Suid-Afrika se deelname aan wetgewende en politieke prosesse is veel sterker as wat die skrywer wil voorgee. Verskeie wette is reeds grondwetlik uitgedaag deur burgerlike groepe en ander is ge-amendeer na die burgerlike gemeenskap se reaksie op konsep-wetgewing. Ander skerp opmerkings oor byvoorbeeld die nalatenskap van Clinton en Blair is ewe ongebalanseerd.

Nieteenstaande lewer die boek ’n interessante en waardevolle bydrae. Dit kan met vrymoedigheid aanbeveel word.

# Kan die Pan-Afrika-parlement bydra om Afrika se demokratisering te versnel?

**Adar, K. & Nkosi, N.** 2004. **The state of readiness of African parliaments on the eve of the Pan-African parliament.** Pretoria: Africa Institute of South Africa. 97 p. ISBN: 0 7983 0173 2.

**Resensent:** *J.F. Kirsten*
(Skool vir Sosiale & Owerheidstudies, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie publikasie fokus op die posisie en funksies van regionale en nasionale wetgewende liggame (parlemente) in Afrika met die oog

op die bepaling van hulle gereedheid om in te skakel by of saam te werk met die nuut gestigte Pan-Afrika-parlement. Laasgenoemde is een van die hoofliggame van die Afrika-unie wat in die plek van die Organisasie vir Afrika-eenheid tot stand gekom het. Nader gespesifiseer, bestudeer hierdie publikasie die mate waartoe die sukses en mislukkings van streeks- en nasionale parlemente in Afrika 'n invloed gaan hê op die Pan-Afrika-parlement se suksesvolle funksionering.

Die belangrikheid van bogenoemde lê daarin dat die verwagting gekoester word dat die Pan-Afrika-parlement 'n bydrae tot die versnelling van demokratisering in Afrika kan lewer en ontwikkeling en ekonomiese integrasie op die kontinent kan bevorder.

Spesifieke state en streke word onder die loep geneem ten einde die impak van tekortkominge en welslae in hulle bestuur in die konteks van die Pan-Afrika-parlement te plaas en dan aan te dui wat die rol van die kontinentale nuwe Parlement moontlik gaan wees. Deel 1 handel oor die rol en aksies van streeksorganisasies soos die Oos-Afrikaanse Gemeenskap (EAC) en dié se wetgewende liggaam, die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) en die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrika-state (ECOWAS).

Die tekortkominge inherent aan die SADC se *Organ on Politics, Defence and Security* word onder andere geïdentifiseer. Die gevolgtrekking word verder gemaak dat die wetgewende liggaam van ECOWAS nog lank nie daarin geslaag het om demokratiese en politieke stabiliteit in Wes-Afrika te vestig nie.

Die gevallestudies van state in Afrika sluit die volgende in: Suid-Afrika, die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRC), Senegal, Oeganda, Soedan en Nigerië. Die skrywers toon aan dat groot onsekerheid en onstabiliteit in die DRK en die Soedan heers, maar dat Suid-Afrika, Senegal, Oeganda en selfs Nigerië duidelike tekens toon dat hul demokratiese instellings besig is om nader te beweeg aan die ideaal van goeie regering wat in ooreenstemming is met die doelwitte van die Pan-Afrika-parlement.

Die meriete van die publikasie lê daarin dat dit 'n prysenswaardige oorsig bied van regionale samewerking in Afrika, tekortkominge identifiseer en die noodsaak beklemtoon dat die state en streke van Afrika op 'n grondslag vry van konflik toenemend sal moet integreer en saamwerk in 'n globaliserende wêreld. Dit wys verder op die funksie wat die Pan-Afrika-parlement in die bogenoemde samewerking sal moet vervul, naamlik "... to ensure the full participation

and integration of all aspects representing African people" (p. 17). Die Pan-Afrika-parlement kan volgens die skrywers gesien word as die politieke arm van die Afrika-unie; die operasionele arm wat moet toesien dat die meerderheidsbesluite van dié kontinentale organisasie *toegepas* word. Boonop word die taak van ekonomiese, politieke en sosiale integrasie ook aan hierdie *super*-parlement toegeken.

Om as politieke liggaam van die Afrika-unie die 54 lidstate te verteenwoordig, word vyf persone in elke staat demokraties verkies en verkry sitting in die Pan-Afrika-parlement. Hiermee is 'n instelling geskep wat tydens sy samekomste uit minstens 265 lede sal bestaan. Die idee en struktuur van die Pan-Afrika-parlement volg grootliks die voorbeeld van die Europese Unie na, iets wat moontlik kan bydra tot die toekomstige suksesvolle funksionering daarvan. Dit moet egter dadelik gesê word dat die Europese Unie se lede minder as 'n derde van dié van die Afrika-unie is.

Hoewel hierdie publikasie waarskynlik gemik is op 'n leserspubliek wat goed ingelig is oor Afrika-politiek, sal diegene wat meer in die algemeen in Afrika belangstel, dit ook interessant vind juis omdat dit veel sê oor die kontemporêre tendense op die vasteland. Dit betrek die jongste politieke en ekonomiese verwikkelinge in Afrika en gee in 'n sekere sin Afrika se "antwoord" op globalisering in die res van die wêreld.